

23 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 9:27-31 (OAV)

Fokusgedeelte: Matteus 9:27b

Wees ons barmhartig

Blindes roep om ontferming van Jesus as “*Seun van Dawid*”. Hierdie is die voor-die-handliggende titel vir die Christus, want Hy sou uit die geslag van Dawid kom (2 Sam. 7:12-14).

Seun van Dawid het egter ook ’n sterk politieke konnotasie vir die Jode gedra. ’n Konnotasie wat ons Here Jesus nie wou versterk in die gedagtes van die mense nie, want dit sou hulle aanmoedig om Hom ’n politieke koning te wil maak. Dit blyk die rede te wees waarom Jesus aanvanklik nie gehoor gee aan die manne se geroep nie. Die blinde manne gee egter nie op nie. Jesus se vraag of hulle glo dat Hy hulle kan laat sien, draai die gedagtes weg van die politiese, Messiaanse idees en rig dit op die goddelike mag en genade. Iemand wat sig kan herstel deur aanraking en ’n woord is beslis baie magtiger as ’n koning of leier, maak nie saak hoe indrukwekkend sy regering is nie.

Op die manne se geloofsantwoord doen die Here dan iets om hulle geloof te versterk. Hy maak hulle bewus van sy liefdevolle belangstelling deur hulle oë aan te raak. “*Laat dit vir julle wees volgens julle geloof*”, sê Hy. En dan sien hulle! Die wonder het gebeur! Jesus wou dit nie rugbaar maak nie, oor die redes kan ons net bespiegel. Hulle was egter nie gehoorsaam aan die Here nie. Miskien was hulle dankbaarheid so groot dat hulle dit nie kon geheim hou nie.

Die vraag of ons Here Hom oor ons met sy woorde, werke en wonders kan ontferm, geld vir alle nood en omstandighede. Glo jy dat Christus jou uit alle teëspoed kan verlos? Glo jy dat Hy jou in elke verknorsing kan bewaar, al gaan jy dalk liggaamlik ten gronde? Glo jy dat hy nie te swak is om jou staande te hou en te ver weg is om jou vas te hou nie? Staan Hy nie dalk soms, in jou oë, magteloos voor jou probleme nie? Geloof is tog ’n vaste vertrouwe op dit wat ons hoop en ’n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Raak opnuut bewus van ons Here se liefdevolle belangstelling. Roep na Hom om hulp. Hy is die beloofde Verlosser en ons Ontfermer.

Sing: Psalm 145:1, 5, 10, 11 (Totius)

Ds. DP Prinsloo (Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool)